higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FUNDAMENTELE INGENIEURSWESE

NKR VLAK 2

(6021002)

8 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

NOT

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCNV

VRAAG 1

1.1 Voltooi die TABEL hier onder deur die woorde uit die lys te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

garage; druiwe; drukwerk; ru-olie; taxi

PRIMÊRE	SEKONDÊRE	TERSIÊRE
1.1.1	Wyn	Restaurant
Houtpap	1.1.2	Nuusagenstskap
1.1.3	Raffinadery	1.1.4
Staalwals	Motoraanleg	1.1.5

(5 × 1) (5)

1.2 Werketiek bepaal werknemers se morele beginsels. Dit het 'n fundamentele invloed op mense se ingesteldheid en etiek in die werkplek.

1.2.1 Verduidelik etiek kortliks. (2)

1.2.2 Gee VIER voorbeelde van goeie werketiek. (4)

1.2.3 Noem VIER belangrike beginsels van goeie werketiek. (4)

1.3 Noem VYF aspekte wat 'n maatskappy moet hê om 'n werklewe van gehalte te verseker. (5)

1.4 Elke maatskappy het die reg en mag om gedragstandaarde op werknemers af te dwing.

Noem VYF aspekte wat instellings in 'n gedragskode moet insluit. (5)

1.5 Noem VYF vakleerlingskappe/leerderskappe in meganiese ingenieurswese. (5)

[30]

VRAAG 2

2.1 Feitlik alle ekonomiese sektore, wat die openbare sektor insluit, het verteenwoordigende vakbonde wat werknemers oor aangeleenthede wat hulle werksomstandighede raak verteenwoordig.

Identifiseer die vakbonde wat werknemers in die volgende bedrywe verteenwoordig:

2.1.1 Staalbedryf

2.1.2 Mynbedryf

2.1.3 Chemiese, energie-, papierdrukbedryf

2.1.4 Opvoedkundige sektor

2.1.5 Hoof arbeidsorganisasie

(5 × 1) (5)

2.2 Onveilige optrede kan skade of besering vir die self of ander inhou.

Verduidelik VYF voorbeelde van onveilige optrede kortliks. (5)

2.3 Masjienskerms word gemonteer om ongelukke te voorkom wat kan gebeur wanneer werknemers te na aan gevaarlike bewegende dele kom.

2.3.1 Verduidelik kortliks DRIE maniere waarop masjienskerms werk. (6)

2.3.2 Noem VIER basiese tipes masjienskerms. (4)

[20]

VRAAG 3

3.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Huishouding	A	bevat nie yster nie
3.1.2	Gevaar	B	alle wette wat goedgekeur is
3.1.3	Afbakening	C	iets wat 'n masjien beveilig
3.1.4	Proef	D	enigiets wat besering of skade aan 'n persoon of eiendom kan veroorsaak
3.1.5	Ferrometaal	E	stappe om 'n werknemer wat oortree het te straf
3.1.6	Salaris	F	tydperk waartydens 'n werkgewer kan bepaal of 'n werknemer geskik is
3.1.7	Wetgewing	G	stukke metaal wat 'n lem bedek om te verhoed dat mense deur 'n masjien beseer word
3.1.8	Dissiplinêre optrede	H	metaal wat yster bevat
3.1.9	Masjienskerms	I	proses waarvolgens grense tussen gebiede gevestig word
3.1.10	Veiligheidstoestelle	J	organisasie van goed om meer effektief te wees
		K	geld wat elke maand as betaling verdien word vir werk wat gelewer is
		L	in 'n bevorderingsposisie aangestel

(10 × 1) (10)

3.2 Noem elk van die afbakeningstekens wat beskryf word:

3.2.1 Wys waar om die masjien in 'n noodgeval te stop

3.2.2 Dui aan dat 'n mens se lewe in 'n bepaalde gebied in gevaar is

3.2.3 Dui aan dat rook nie in die gebied toegelaat word nie

3.2.4 Dui aan in watter rigting die gebou verlaat moet word

3.2.5 Dui aan dat slegs mense wat opgelei is om bepaalde gevaarlike werk te doen in die gebied toegelaat word

(5 × 1) (5)

3.3 Dit is die werkgewer se verantwoordlikheid om werknemers van PBT (PPE) te voorsien sodat hulle veilig kan wees terwyl hulle werk.

Identifiseer die tipe PBT (PPE) wat werknemers kan gebruik om hulsef in die volgende situasies te beskerm:

3.3.1 Beskerming teen vlieënde deeltjies in 'n slyparea

3.3.2 Werk in 'n lawaaierige gebied

3.3.3 Sny van metaal

3.3.4 Beskerm die kop teen vallende voorwerpe

3.3.5 Beskerm voete teen harde voorwerpe

(5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 4

4.1 Noem VYF stelsels om die verspreiding van brande in 'n werkswinkel te voorkom. (5)

4.2 Verduidelik die stappe wat by die gebruik van 'n brandblusser gevolg moet word. (4)

4.3 Wat is 'n brand? (1)
[10]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Noem VYF beserings of ongelukke wat waarskynlik in die ingenieurswerkplek kan voorkom. (5)

5.2 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.2.1 'n Persoon wat opgelei is om noodhulp toe te pas

5.2.2 'n Persoon wat nie 'n dokter of verpleër is nie, maar opgelei is om mense wat beseer is te help

5.2.3 Iets wat met jou liggaam of verstand verkeerd is en aantoon dat jy 'n bepaalde siekte onder lede het

5.2.4 Spesiale materiaal wat gebruik word om 'n wond te bedek en beskerm

5.2.5 Wanneer verseker word dat die persoon se besering nie erger word nie

(5 × 1) (5)
[10]

VRAAG 6

6.1 Een van die gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordiger se verantwoordelikhede is om alles in die werkplek wat met gesondheid en veiligheid te doen het te inspekteer.

(5)

Noem VYF goed wat geïnspekteer moet word

6.2 Verduidelik die doel van elk van die volgende veiligheidswette kortliks:

6.2.1 Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid

6.2.2 Wet op Gesondheid en Veiligheid in Myne

(2 × 2) (4)

6.3 Omskryf *besoedeling*. (1)
[10]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou